education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GEMEENSKAPLIKE TAAK VIR ASSESSERING (GTA)
GRAAD 9 – 2008

EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

# LEERDERBOEK

## AFDELING A

## ONDERWERP:
Aardverwarming en Volhoubaarheid

**Naam van Leerder: ______________________________**

**Voorgestelde tyd: 4 uur**

**150 punte**

**Aantal bladsye: 20**

**INHOUDSOPGAWE**


| Aktiwiteit | | Assessering standaarde | Tipe Assessering | Aktiwiteite | Les | Punte | Bladsy |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **TAAK 1** | **LU 4: Entrepreneurs Kennis, Vaardighede en Houdings<br>LU 1: Die Ekonomiese Siklus** | | | | | | |
| Aktiwiteit 1.1 | Bemarkings veldtog en reklame media | LU 4: AS 4 | Portuur | Ontwerp van 'n advertensie | 1 | 16 | 3 |
| Aktiwiteit 1.2 | Vraag en Aanbod grafieke | LU 1:AS 3<br>AS 4<br>AS 5 | Onderwyser | Illustrasie en interpretasie van vraag en aanbod grafieke | 2 | 30 | 6 |
| **TAAK 2** | **LU 2: Volhoubare Groei en Ontwikkeling** | | | | | | |
| Aktiwiteit 2.1 | Groei en Ontwikkel-ing | AS 1<br>AS 2<br>AS 4 | Onderwyser | Begripstoets | 3 | 22 | 9 |
| **TAAK 3** | **LU 4: Entrepreneurs Kennis, Vaardighede en Houdings** | | | | | | |
| Aktiwiteit 3.1 | SWOT analise | AS 1 | Self/ Huiswerk | SWOT analise | 4 | 20 | 12 |
| Aktiwiteit 3.2 | Kontant begroting | AS 2 | Peer/ Onderwyser | Voorbereid-ing van 'n kontant begroting en berekenings | 5 | 21 | 13 |
| **Leerders het 'n keuse tussen TAAK 4 and TAAK 5** | | | | | | | |
| **TAAK 4** | **LU 3: Bestuurs-, Verbruikers en Finansiële Kennis en Vaardighede** | | | | | | |
| Aktiwiteit 4.1 | Algemene Grootboek | AS 3 | Onderwyser | Rekening-kunde: toepassing van die beginsel van dubbel inskrywings | 6 | 29 | 14 |
| Aktiwiteit 4.2 | Rekening-kundige vergelyking | AS 3 | Onderwyser | Rekening-kundige vergelyking | 6 | 12 | 16 |
| **TAAK 5** | **LU 3: Bestuurs, Verbruiker en Finansiële Kennis en Vaardighede** | | | | | | |
| Aktiwiteit 5.1 | Joernale | AS 3 | Onderwyser | Joernaal inskrywings | 6 | 33 | 16 |
| Aktiwiteit 5.2 | Rekening-kundige vergelyking | AS 3 | Onderwyser | Rekening-kundige vergelyking | 6 | 8 | 20 |
| **TOTAAL PUNTE** | | | | | | **150** | |

## INLEIDING

Die onderwerp van hierdie GTA is Aardverwarming. Daar word van jou verwag om jou kennis en kritiese denke deurgaans toe te pas om probleme op te los en vir die verskillende scenarios alternatiewe voorstelle te maak.

| |
|---|
| Aardverwarming is in sy eenvoudigste vorm van beskrywing: die wêreldwye verhoging van temperature van die aarde se oppervlakte. Dit is meer as net die temperature van die oppervlakte wat styg. Intensiewe navorsing het bewys dat die oppervlakte van die atmosfeer sowel as die diep oseane verhit.<br>Sommige oorsake van aardverwarming is: **verbranding van brandstof, koolsuurgasse wat deur motors, vliegtuie en geboue uitgelaat word en die toename in ontbossing, digbevolkte stede en waterverdamping in die atmosfeer.** |

Adapted from <www.discovery.com>

## TAAK 1

**LU 4:** Entrepreneurs Kennis en Vaardighede
**AS 4:** 'n Bemarkingsveldtog te ondersoek en bespreek die selfgekose reklame media.

## LES 1

**AKTIWITEIT 1.1 PORTUUR ASSESSERING — LU 4: AS 4 — TYD: 40 MINUTE — 16 PUNTE**

Baie besighede het besef dat aardverwarming ernstig opgeneem behoort te word. Een van dié besighede is WOOLWORTHS.

**Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord dan die vrae:**

| |
|---|
| Woolworths se Hoof Uitvoerende Beampte, Simon Susman was beïndruk met die Oscar bekroonde film van Al Gore: 'An Inconvenient Truth'. 'Baie van ons uitvoerende beamptes het hierdie film gesien en ons vra ons toesighouers om dit ook te sien,' het hy gesê.<br>Susman aanvaar die behoefte om aardverwarming aan te spreek. Dit beteken dat Woolworths dinge anders moet doen. Hy benadruk dat aardverwarming 'n besigheid sowel as 'n morele saak is. Ons verbruikers, hoofsaaklik die hoër inkomstegroepe, wil hê dat ons die regte ding moet doen – om die omgewing te respekteer. Afgesien van groter voorraad voorsiening van 'n groot verskeidenheid organiese produkte, verminder Woolworths ook die vrylating van kweekhuisgasse deur hul yskaste met meer omgewingsvriendelike eenhede te vervang. Hulle is ook besig om ernstig te kyk na water- en kragbesparings en om verpakkings te verminder. |

Adapted from: ***National Business Initiative*** (13 April 2007)

(a)

Woolworths het jou genader om 'n advertensie te ontwerp om hul reeks organiese produkte te bemark. (Vars vrugte en groente, eiers, vleis, melk, jogurt, kaas, wyn, sappe, sjokolade en soethout (liquorice).

Jou advertensie moet aandui, dat aardverwarming deur hierdie nuwe reeks organiese produkte, aangespreek word.
Doen portuurassessering deur van die ABBA-beginsel gebruik te maak.
Gebruik die rubriek in jou portuurgroep se antwoordboek. (10)

Jy sal op grond van jou vermoë geassesseer word, om:
- 'n advertensie met die korrekte boodskap te ontwerp
- 'n advertensie wat aandag trek, belangstelling wek, 'n begeerte om te besit en tot aksie lei, te ontwerp.

**TAAK 1**

**AKTIWITEIT 1.1**

(a) Advertensie vir WOOLWORTHS se organiese produktereeks:

## KONTROLELYS VIR AKTIWITEIT 1.1

## PORTUUR ASSESSERING

| **KRITERIA** | **JA** | **NEE** | **Kommentaar** |
|---|---|---|---|
| Trek **Aandag** | 2 | 0 | |
| Wek **Belangstelling** | 2 | 0 | |
| Skep **Behoefte** | 2 | 0 | |
| Lei tot **Aksie** | 2 | 0 | |
| Dink jy die advertensie boodskap is korrek? | 2 | 0 | |
| **TOTAAL:** | | | **/10** |

**Assessor se naam: ________________________**

(b) Nou dat jy 'n advertensie vir die Woolworths Organiese produktereeks ontwerp het, besluit op EEN soort reklame medium wat jy dink toepaslik sal wees. Verduidelik waarom jy hierdie keuse gemaak het.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (6)

**[16]**

## LES 2

**AKTIWITEIT 1.2 ONDERWYSER SE ASSESSERING TYD: 40 MINUTE**
**LU 1: AS 3, AS 4, AS 5 30 PUNTE**


Woolworths het ook 'n verdere Suid Afrikaanse Eerste bereik, deur by die internasionale beweging van organiese katoen aan te sluit.
Die volgende tabel verteenwoordig die vraag en aanbod vir die 100% organiese Uniseks T-hemde wat deur Woolworths gedurende die somerseisoen verkoop word.

| Prys | Hoeveelhede aangevra | Hoeveelhede voorsien |
|---|---|---|
| R150 | 5 000 | 1 000 |
| R160 | 4 000 | 2 000 |
| R170 | 3 000 | 3 000 |
| R190 | 2 000 | 4 000 |
| R200 | 1 000 | 5 000 |

Gebruik die tabel om:

(a) Die punte van vraag- en aanbodkurwes te plot.
Dui die ewewigspunt met 'n 'E' op die grafiek aan.
Merk elke kurwe duidelik.
Benoem jou grafiek.

_______________________________________________




(9)

(b) Wat is die ewewigsprys volgens jou grafiek?

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

(c) Bereken die totale verkoopprys by die ewewigsprys.

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (3)

(d) Verduidelik hoe die vraag na organiese 100% T-hemde die prys en aanbod van T-hemde sal beïnvloed.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (4)

(e) Hoeveel hemde sal teen R180 verkoop word?

______________________________________________________________ (2)

(f) Hoeveel hemde sal teen ewewigsprys voorsien word?

______________________________________________________________ (2)

(g) Die werknemers van die fabriek waar die T-hemde vervaardig word, het gestaak. Noem twee aspekte wat die ekonomie negatief kan beïnvloed.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (4)

(h) Stel twee maniere voor hoe die Regering die vervaardiging van organiese produkte kan ondersteun.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (4)

**[30]**

**TAAK 2**

**LU 2:** Volhoubare Groei en Ontwikkeling
**AS 1:** Bespreek hoe die nasionale begroting, streeks- en internasionale ooreenkomste gebruik kan word om volhoubare groei en ontwikkeling te bevorder.
**AS 2:** Ondersoek en debatteer die suksesse en tekortkominge van HOP.
**AS 4:** Bespreek produktiwiteit en die invloed daarvan op ekonomiese vooruitgang, groei en wêreldkompetisie.

**LES 3**

**AKTIWITEIT 2.1 ONDERWYSER ASSESSERING** **TYD: 40 MINUTE**
**30 PUNTE**

Lees die volgende artikel en beantwoord die vrae wat volg:





Ondersteuning van plaaslike organiese boerderye

Een van die hoogtepunte van Woolworths se Organiese Reise is dat ons ondersteuning van plaaslike organiese voedselmarkte, het aan die voorheen benadeelde Suid Afrikaanse boere die geleenthede geskep om aan die ekonomiese hoofstroom deel te neem.

Die suksesvolle "Ezemvelo Farmers' Association" (EFA) kan as model van Swart Ekonomiese Bemagtiging in Suid Afrika gebruik word. Die Organiese Reis het met die voorsiening van hoë kwaliteit organiese madumbis, patats en baba aartappeltjies die weg gebaan aan arm gemeenskappe van Kwa-Zulu Natal.

Hierdie tradisionele boere het spontaan ingewillig om betrokke te raak by die plant van organiese produkte – eenvoudig omdat hulle nie hul kinders se skoolboeke kon bekostig nie, nie eens te praat van insekdoders en kunsmis nie.

Met die samewerking van organiese- en landboukundiges, het meer as 200 boere, meestal vroue, 'n koöperasie gestig en hulle was die eerste Suid Afrikaanse selfversorgende boere wat erkenning vir hul organiese produkte ontvang het.

EFA word sterk aanbeveel. Hulle is trots op die kwaliteit voedsel wat hulle produseer en hulle volg organiese prosesse en standaarde baie streng na. Hulle sien 'n blink toekoms wat vir hulle voorlê. Om EFA se madumbis, patats en baba aartappeltjies te koop, is goed vir jou en beter vir die aarde, maar dit is ook 'n maklike, smaaklike manier vir jou om 'n groot-behoefte ontwikkeling in ons land te ondersteun.

<www.woolworths.co.za>

(a) Dink jy dat die Woolworths Organiese Reis 'n volhoubare projek is? Motiveer jou antwoord deur na TWEE redes in die artikel te verwys.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (5)

(b) Noem EEN geleentheid wat deur die Woolworths Organiese Reis voorsiening maak vir vorige benadeelde boere van Suid Afrika.

______________________________________________

______________________________________________ (1)

(c) Verduidelik wat Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB) beteken.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (6)

(d) Verwys na die artikel, en gee 'n rede waarom die verbruiker EFA produkte moet aankoop.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (1)

(e) Stel jou voor dat jy die Minister van Finansies is. Hoe sal jy te werk gaan om volhoubare groei en ontwikkeling in Suid Afrika te bevorder?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (4)

(f) Dink jy dat die HOP se beginsels om alle Suid Afrikaners se basiese behoeftes te bevredig, EFA sou ondersteun?

____________________________________________________________ (1)

(g) Motiveer jou antwoord in (f).

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (4)

**[22]**

**TAAK 3**

**LU 4:** Entrepreneurs Kennis, Vaardighede en Houdings
**AS 1:** Word deur SWOT analise gegenereer, moontlike besigheidsidees om die behoefte vir vervaardigde goedere en dienste aan te spreek.
**AS 2:** **Ontwikkel** 'n besigheidsplan (insluitend die begroting) vir 'n vervaardigings- diens- en toerismebesigheid, wat gebaseer is op die beste geleentheid wat van die besigheidsidees gegenereer is.

*Jou skool beplan 'n markdag om fondse vir die matriekafskeid in te samel. Die tema vir die markdag is **Aardverwarming**. Ouers word na die markdag uitgenooi omdat hulle groot belangstelling toon om in besigheidsidees wat werkbaar is, te investeer. Daar word van jou verwag om 'n produk te verkoop of 'n diens te lewer wat 'n bewustheid by mense oor aardverwarming sal skep.*
*Julle moet in **groepe van 3-4** werk. Tydens 'n "brainstorming" sessie het jou groep met die volgende idees vorendag gekom:*

1. **PLANT 'N BOOM, BESKERM 'N WOUD:** Jy kan 'n diens lewer om bome vir mense in jou omgewing in hulle tuin te plant. Dit is 'n groot stap vorentoe om aardverwarming te probeer beheer. Jy het besluit om 'n fooi te vra vir elke boom wat geplant word.

2. **'N ORGANIESE TOEBROODJIE STALLETJIE:** Om toebroodjies te maak, met die organiese produktereeks van Woolworths. Woolworths het ingestem om die produkte wat jy nodig het aan jou teen kosprys te verkoop.

Nadat julle oor die bogenoemde idees gedagtes gewissel het, moet jy van een van hierdie idees 'n SWOT-analise doen. Sien Aktiwiteit 3.1 op die volgende bladsy.

**LES 4**

**AKTIWITEIT 3.1 SELF ASSESSERING TYD: 40 MINUTE**
**LO 4: AS 1 20 PUNTE**

3.1.1 Voltooi 'n SWOT-analise vir jou besigheidsidee. Jy moet twee feite onder elke opskrif noem. (16)

**INTERNE FAKTORE**

| **Sterkpunte** ⟺ | **Swakpunte** |
|---|---|
| | |

**EKSTERNE FAKTORE**

| **Geleenthede** ⟺ | **Bedreigings** |
|---|---|
| | |

| **Swakpunte verander na** ⟹ | **Sterkpunte** |
|---|---|
| | |
| | |

| **Bedreigings verander na** ⟹ | **Geleenthede** |
|---|---|
| | |
| | |

3.1.2 Dui aan hoe jy vir die toekoms EEN bedreiging na 'n geleentheid sal verander en, EEN swakpunt na 'n sterkpunt verander. Jy word van die formaat voorsien om 3.2A en 3.2B te voltooi. Jou onderwyser sal die memorandum aan jou gee om jou werk te assesseer. (4)

**[20]**

**LES 5**

**AKTIWITEIT 3.2A PORTUUR/ ONDERWYSER ASSESSERING TYD: 40 MINUTE**
**LU 4: AS 2 21 PUNTE**

Veronderstel jou besigheid vir die markdag is die **ORGANIESE TOEBROODJIE STALLETJIE.** Mev. Alison Gore, is 'n belegger en sy stel belang in jou besigheid. Sy vra om na jou begroting te kyk wat jy voorberei het. Die kontantbegroting hieronder, is aan haar voorgelê. Nadat sy die bedgroting bestudeer het, het sy 'n lys met veranderinge aan jou gestuur wat sy in die volgende maand in die begroting wil sien. Sy het ook versoek dat jy 'n nuwe begroting moet opstel om vas te stel hoe die volgende verwagte veranderinge die besigheid se bank saldo aan die einde van maand 2 sal beïnvloed:

- 'n 20% verhoging in kontantverkope
- 'n 5% vermindering op krediteure betalings
- Verpakkingskoste te verhoog met R147
- Nog twee werkers sal benodig word. Elke werker sal R125 per dag betaal word en daar sal van hulle verwag word om slegs naweke te werk. (Saterdae en Sondae)
- Alle ander inkomstes en betalings bly onveranderd.

**GLOBAL ORGANIESE TOEBROODJIE STALLETJIE**

| | **Maand 1** | **Maand 2** |
|---|---|---|
| Kontantverkope | R 4 736 | |
| Huur inkomste | 435 | |
| **Totale Ontvangste** | **R 5 171** | |
| Lone | 350 | |
| Advertensies | 120 | |
| Telefoon | 96 | |
| Verpakkings | 105 | |
| Betalings aan krediteure | R2 577 | |
| **Totale Betalings** | **(R3 248)** | |
| **SURPLUS/ TEKORT** | **R1 923** | |
| Bank beginsaldo | 250 | |
| Bank sluitingsaldo | **R 2 173** | |

Jou onderwyser sal die memorandum voorsien om hierdie aktiwiteit na te sien. Jou onderwyser sal ook jou begroting met een van jou klasmaats uitruil. Jy sal dus nie weet wie merk jou begroting nie. Gebruik die memorandum om jou klasmaat se begroting te merk. Skryf dan die totale punt in die spasie wat daarvoor voorsien is.

(17)

**AKTIWITEIT 3.2B ONDERWYSER ASSESSERING**

Dink jy die **Organiese Toebroodjies Stalletjie** het 'n goeie kontantvloei? Vergelyk die begrotings vir die twee maand en verduidelik jou antwoord.

__________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________ (4)

**[21]**

**KIES TUSSEN TAAK 4 EN TAAK 5**

**TAAK 4**

**LU 3:** Bestuurs, Verbruikers en Finansiële Kennis en Vaardighede
**AS 3:** Doen kontant- en kredietransaksies in die boeke van diens- en handelsondernemings.

**LES 6**

**AKTIWITEIT 4.1 ONDERWYSER ASSESSERING TYD: 30 MINUTE**
**LU 3: AS 3 29 PUNTE**

**INLIGTING**

1. Die winsopslag is soos volg:
   a. **Kontantverkope 25%**
   b. **Kredietverkope 40%**

2. Die joernale vir April is soos volg opgesom:

***KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL***

| Bank | Verkope | Koste van verkope | Debiteure kontrole | Diverse rekeninge |
|---|---|---|---|---|
| R68 055 | R33 200 | ? | R19 405 | R15 450 |

***KONTANTBETALINGSJOERNAAL***

| Bank | Lone | Handels-voorraad | Krediteure kontrole | Diverse rekeninge |
|---|---|---|---|---|
| R102 420 | R19 800 | R25 620 | R20 000 | R37 000 |

***DEBITEUREJOERNAAL***

| Verkope | Koste van verkope |
|---|---|
| R? | R69 430 |

***KREDITEUREJOERNAAL***

| Krediteure | Handels-voorraad | Skryfbehoeftes | Diverse rekeninge |
|---|---|---|---|
| R66 767 | R57 300 | R2 126 | R7 341 |

**OPDRAG:**

Gebruik die inligting wat voorsien is, om die joernale na die algemene grootboek oor te boek.

a) Handelsvoorraad
b) Krediteurekontrole
c) Verkope

**Algemene Grootboek van Global Toebroodjie Stalletjie**

**Balansstaatrekeninge Afdeling**

| HANDELSVOORRAAD B2 | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **2008 April** | **1** | **Saldo** | **a/b** | **75 000** | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | **Saldo** | **o/d** | | |
| | | | | **157 920** | | | | | | **157 920** | |
| **2008 Mei** | **1** | **Saldo** | **a/b** | | | | | | | | |

(14)

| KREDITEUREKONTROLE B4 | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | **2008 April** | **1** | **Saldo** | **a/b** | **44 440** | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | **2008 Mei** | **1** | **Saldo** | **a/b** | | |

(7)

**Nominalerekeninge Afdeling**

| VERKOPE | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | **2008 April** | **1** | **Totaal** | **a/b** | **26 908** | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |

(8)

**[29]**

**AKTIWITEIT 4.2 ONDERWYSER ASSESSERING TYD: 10 MINUTE**
**LU3: AS 3 12 PUNTE**

Gebruik die hulpjoernale in Aktiwiteit 4.1 om die volgende tabel te voltooi.

| Nr. | HULP-JOERNAAL | BATES | EKWITEIT | LASTE | REKENING DEBITEER | REKENING KREDITEER |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | KOJ | -R19 405<br>+R19 405 | | | | |
| 2 | | | | - R20 000 | | Bank |
| 3 | DJ | | -R69 430 | | Koste van verkope | |
| 4 | | | -R2 126 | | Skryfbehoeftes | |
| 5 | KOJ | | | | Bank | Verkope |

**[12]**

**OF**

**TAAK 5**

**LU 3:** Bestuurs, Verbruiker en Finansiële Kennis en Vaardighede
**AS 3:** Voltooi kontant- en kredriettransaksies in die boeke van diens- en handelsondernemings.

**LES 6**

**AKTIWITEIT 5.1 ONDERWYSER ASSESSERING TYD: 35 MINUTE**
**LU 3: AS 3 33 PUNTE**

Teken die volgende transaksies vir Global Toebroodjie Stalletjie vir April 2008 aan:

Kontantontvangstejoernaal
Kontantbetalingsjoernaal
Debiteurejoernaal
Krediteurejoernaal

Moenie die joernale afsluit nie. **[33]**
**INLIGTING:**

Die winsopslag is soos volg:

(a) **Kontantverkope 25%**
(b) **Kredietverkope 30%**

APRIL 2008

| | |
|---|---|
| 1 | Ontvang kapitaal van R100 000 van die eienaar, Mev. Sand en reik kwitansie 001 uit. |
| | Betaal Munisipaliteit vir handelslisensie , R230, tjek 001. |
| 2 | Kontantverkope volgens kasregisterrol, R830. |
| 3 | Koop skryfbehoeftes op krediet van Waltons, R200. Faktuur hernommer 101. |
| 7 | Stel 2 werkers aan, elk ontvang 'n weeklikse loon van R250. Betaal lone per tjek. |
| 9 | Verkoop goedere op krediet aan BBB Spyseniers, R1 560, reik faktuur A1 uit. |
| 10 | Verkoop goedere vir kontant, wat R700 gekos het. |
| 11 | Koop 'n drukker op krediet van Equi Winkels, R1 200. |
| 12 | Koop gedrukte skryfbehoeftes vir R450 en skoonmaakmateriaal vir R200 van Multishop, betaal per tjek 003. |
| 14 | Betaal weeklikse lone per kontant tjek. |
| 17 | Die eienaar trek 'n tjek vir 'n geskenk aan haar man, R300. |
| 20 | Kontantverkope volgens kasregisterrol, R1 660. |
| | Reik oorsprooklike faktuur A2 aan AAA Event vir R780. |
| | Die eienaar verhoog sy kapitaalbydrae tot R150 000. |
| 21 | Ontvang 'n betaling van BBB Spyseniers vir die helfte van hul saldo wat tot op datum verskuldig is. |
| 25 | Vereffen ons rekening aan Waltons ten volle. |

Kontantontvangstejoernaal van ______________________________________________________________

| Dok no. | Dag | Besonderhede | Fol | Ontleding van ontvangste | Bank | Verkope | Koste van verkope | Debiteure-kontrole | Diverse rekeninge | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | Bedrag | Fol. | Besonderhede |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |

(11)

Kontantbetalingsjoernaal van______________________________________________________________

| Dok no. | Dag | Naam van begunstigde | Fol | Bank | Lone | Skryfbehoef-tes | Krediteure-kontrole | Diverse rekeninge | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | Bedrag | Fol. | Besonderhede |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |

(14)

**Debiteurejoernaal van ____________________________________________________**

| Dok no | Dag | Debiteur | Fol. | Verkope | | Koste van verkope | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

(4)

**Krediteurejoernaal van ________________________________________________________________**

| Dok no. | Dag | Krediteure | Fol. | Krediteure-kontrole | Toerusting | Diverse rekeninge | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | Bedrag | Fol. | Besonderhede |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |

(4)

**AKTIWITEIT 5.2 ONDERWYSER ASSESSERING TYD: 5 MINUTE**

**LU 3: AS 3 8 PUNTE**

Voltooi die tabel hieronder vir transaksies op 9 en 14 April. **[8]**

| Datum | Joernaal | Rekening Debiteer | Rekening Krediteer |
|---|---|---|---|
| 9 April | | | |
| | | | |
| 14 April | | | |

**Totaal: 150 Punte**

---

**WOORDELYS**

| | |
|---|---|
| ABBA-Beginsel | Evaluering van gedrukte media.<br>A – Trek **Aandag**<br>B – Wek **Belangstelling**<br>B – Skep **Begeerte**<br>A – Lei tot **Aksie** |
| Swart Ekonomiese Bemagtiging | Program deur die Suid Afrikaanse regering geloods om ongelykhede van Apartheid aan te spreek en aan voorheen benadeelde groepe ekonomiese geleenthede te gee, wat in die vorige bedeling nie moontlik was nie. |
| Begroting | Die verwagte toekomstige uitgawes en inkomste. |
| Vraag | Die aantal goedere aangekoop teen 'n gegewe prys, tyd, en plek. Dit impliseer die gewilligheid en die vermoë om die prys te betaal. |
| Dividende | Deel van winste wat aan aandeelhouers betaal word. |
| Entrepreneur | 'n Individu wat bereid is om risiko's te neem en sy/haar eie besigheid begin. |
| Ewewigspunt | Ook verwys na Markpunt. Dit is die prys wanneer vraag en aanbod gelyk (dieselfde) is. |
| Wisselkoers | Die waarde wat uitgedruk word van een geldeenheid teenoor 'n ander geldeenheid. |
| Aardverwarming | 'n Wêreldwye verhoging van temperature op die aardoppervlakte. |
| NEPAD | New Partnership for Africa's Development |
| Organies | Verwys na die plant van voedselsoorte sonder die gebruik van sintetiese kunsmis, insekdoders of hormone. |
| Produktiwiteit | Die vermoë om goedere en dienste te produseer sodat behoeftes en begeertes bevredig kan word. |
| Staking | 'n Besluit deur werknemers wat weier om te werk sodat werkgewers kan instem om enige dispute en griewe by te lê. |
| Aanbod | Die hoeveelheid goedere wat verkoop word teen 'n gegewe prys, tyd en plek. |
| Surplus | Inkomste oorskry uitgawes |
| SWOT-analise | Word gebruik om die sukses van 'n besigheidsidee te toets. |